



World Read Aloud Day 2020

In 2009, LitWorld, a literacy organisation in the USA, started World Read Aloud Day because it wanted to create a platform which ordinary people could use to show the world that they believe in everybody's right to read and share stories. Since then, every year on World Read Aloud Day, people all around the world read aloud together and share stories to advocate for literacy as a human right.

Wêrelddag vir Hardop Lees 2020

In 2009 het LitWorld, 'n geletterdheidsorganisasie in die VSA, Wêrelddag vir Hardop Lees geloods, want hulle wou 'n platform skep wat gewone mense kon gebruik om vir die wêreld te wys hulle glo in elke mens se reg om te lees en stories te deel. Sedertdien lees mense oor die hele wêreld heen elke jaar op Wêrelddag vir Hardop Lees saam hardop en deel stories om te veg vir geletterdheid as 'n mensereg.

5 GOOD REASONS TO READ ALOUD

1. Reading aloud to your children helps to develop the bond between a parent and child.
2. When you read aloud to children and they enjoy the story, they see reading as a satisfying activity and this helps to motivate them to read for themselves.
3. Reading aloud to young children shows them how we read and how books work. This knowledge makes it much easier for them to learn to read later on.
4. Children are able to understand and enjoy stories that are beyond their own reading ability when they hear them read aloud.
5. Hearing new words used in a story develops children's vocabulary and gives them a rich language to draw from when they write their own stories.

5 GOEIE REDES OM HARDOP TE LEES

1. Om hardop vir jou kind te lees, help om die band tussen ouer en kind te versterk.
2. Wanneer jy hardop vir kinders lees, en hulle die storie geniet, sien hulle lees as 'n bevredigende aktiwiteit, en dit spoor hulle aan om self te lees.
3. Wanneer ons hardop vir jong kinders lees, wys ons vir hulle hoe ons lees en hoe boeke werk. Hierdie kennis maak dit vir hulle baie makliker om later self te leer lees.
4. Kinders kan stories wat buite hul eie leesvermoë is, verstaan en geniet wanneer dit hardop vir hulle voorgelees word.
5. Wanneer kinders nuwe woorde in 'n storie hoor, ontwikkel hulle woordeskat, en dit gee hulle 'n ryk taal waaruit hulle kan put wanneer hulle hul eie stories skryf.

INSIDE!

A special Nal'ibali World Read Aloud Day cut-out-and-keep book, *A day to remember*, (pages 5, 6, 11 and 12).

BINNE!

'n Spesiale Nal'ibali-knip-uit-en-bêreboekie vir Wêrelddag vir Hardop Lees, 'n Dag om te onthou, (bladsye 5, 6, 11 en 12).

Be a reading activist

The simple act of reading aloud on World Read Aloud Day is about more than people sharing stories they enjoy. It also shows our children and others around us that:

- ★ we think reading is important.
- ★ we are committed to helping children become readers by reading aloud to them regularly.
- ★ we believe that everyone has the right to learn how to read!

Wees 'n leesaktivis

Om op Wêrelddag vir Hardop Lees hardop te lees, gaan oor meer as net mense wat stories deel wat hulle geniet. Dit wys ook vir ons kinders en ander mense dat:

- ★ ons dink lees is belangrik.
- ★ ons daartoe verbind is om kinders te help om lesers te word deur gereeld vir hulle hardop te lees.
- ★ ons glo almal het die reg om te leer lees!



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.

Join us on World Read Aloud Day!

Since 2013, Nal'ibali has been bringing you a special story to celebrate World Read Aloud Day. Last year, the story was read to 1 162 879 children on one day! This year's story, *A day to remember*, features some of our much-loved Nal'ibali characters. It was written by published author and member of the Nal'ibali Supplement team, Lorato Trok, and illustrated by cartoonist, Rico. Read it to the children in your life this World Read Aloud Day, 5 February 2020, and be part of the excitement!

How to join in

1. Go to www.nalibali.org or www.nalibali.mobi to sign up your family, reading club or school and help make this the biggest World Read Aloud Day celebration in South Africa.
2. Make Nal'ibali World Read Aloud Day badges with your children. Use the template on page 16, or design your own badges.
3. On 5 February 2020, read our special World Read Aloud Day story to:
 - ★ your own children, grandchildren, nieces and nephews
 - ★ children in your class or at your school
 - ★ groups of children at specially arranged events at your reading club, library or community centre.
4. Do other fun World Read Aloud Day activities. Use the ideas on page 3 to help you.

Sluit by ons aan op Wêrelddag vir Hardop Lees!

Sedert 2013 bring Nal'ibali vir jou 'n spesiale storie om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier. Verlede jaar is die storie vir 1 162 879 kinders op een dag gelees! In hierdie jaar se storie, *'n Dag om te onthou*, kom ons sommige van ons geliefde Nal'ibali-karakters teë. Dit is geskryf deur gepubliseerde skrywer en lid van die Nal'ibali-bylae se span, Lorato Trok, en geïllustreer deur die strokiesprentkunstenaar, Rico. Lees dit hierdie Wêrelddag vir Hardop Lees, 5 Februarie 2020, vir die kinders in jou lewe en deel in die opwinding!

Hoe om deel te neem

1. Gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi om jou familie, leesklub of skool in te skryf en help om hierdie die grootste viering van Wêrelddag vir Hardop Lees in Suid-Afrika te maak.
2. Maak Nal'ibali se kenteken vir Wêrelddag vir Hardop Lees saam met jou kinders. Gebruik ons kenteken op bladsy 16, of ontwerp jul eie.
3. Lees op 5 Februarie 2020 ons spesiale storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees vir:
 - ★ jou eie kinders, kleinkinders, broers- en susterskinders
 - ★ kinders in jou klas of by jou skool
 - ★ groepe kinders by byeenkomste wat spesiaal gereël is by jou leesklub, biblioteek of gemeenskapsentrum.
4. Doen ander prettige aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees. Gebruik die idees op bladsy 3 om jou te help.




How to share our special World Read Aloud Day story

1. Before you read the story, introduce it to the children. Ask them, "Have you ever done something that didn't quite go as you had planned? What happened? How did that make you feel?" Encourage them to share their experiences with you.
2. Read the story, *A day to remember*, on pages 5, 6, 11 and 12 to the children. (Practise reading it aloud a few times before you read it aloud to the children.) Bring the story alive by putting lots of expression into your voice and using body actions as you read.
3. After you have read the story, ask the children these questions:
 - ★ Do you know any other stories with scary creatures in them? What happens in those stories?
 - ★ What do you think of Hope's plan? Do scary creatures have to be big? What ways can you think of to make scary creatures?

Hoe om ons spesiale storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees te deel

1. Stel die storie aan die kinders bekend voordat jy dit lees. Vra vir hulle: "Het julle al ooit iets gedoen wat nie volgens plan verloop het nie? Wat het gebeur? Hoe het dit julle laat voel?" Moedig hulle aan om hul ervarings met jou te deel.
2. Lees die storie, *'n Dag om te onthou*, op bladsye 5, 6, 11 en 12 vir die kinders. (Oefen 'n paar keer om dit hardop te lees voordat jy dit vir die kinders hardop lees.) Maak die storie lewendig deur met uitdrukking in jou stem te lees en deur liggaamsgebare te gebruik terwyl jy lees.
3. Nadat jy die storie gelees het, vra vir die kinders hierdie vrae:
 - ★ Ken jy enige ander stories waarin vreesaanjaende monsters voorkom? Wat gebeur in daardie stories?
 - ★ Wat dink julle van Hope se plan? Moet vreesaanjaende monsters noodwendig groot wees? Aan watter maniere kan julle dink om vreesaanjaende monsters te maak?



Celebrate World Read Aloud Day!

Here are some ideas for ways to celebrate World Read Aloud Day wherever you are.

- ♥ Let your children make their **World Read Aloud Day badges** (see page 16) before 5 February so that they can wear them on World Read Aloud Day.
- ♥ **Read the special World Read Aloud Day story**, *A day to remember*, (pages 5, 6, 11 and 12). Go to www.nalibali.org or www.nalibali.mobi and sign up to let us know how many children you read to. (See our suggestions for how to share the story on page 2.)
- ♥ Do one or more of the **story activities** suggested for *A day to remember* in the "Get story active!" section on page 13.
- ♥ **At home:** Invite family and friends over for a Read Aloud Night. Read your favourite books aloud to each other and share why you enjoy them so much. Share old and new favourites with one another.
- ♥ **At your school:** Create a "read aloud space" and make sure that it has lots of books suitable for different ages. In the week before World Read Aloud Day, ask volunteers (children, staff, parents and community members) to sign up to read aloud to others throughout the day on 5 February. On World Read Aloud Day, let children enjoy being read to in this special space.
- ♥ **In the community:** Arrange a story-sharing event at your library or in another community space. Invite adults and children to come along and share stories that are important to them, whether these are tales passed down through their families, or come from books that are special to them. Give away material on the importance of reading to children. You can find tip sheets in different South African languages to download for free in the "Story sharing" section of the Nalibali website: www.nalibali.org.
- ♥ **At work:** Leading up to World Read Aloud Day, organise a book collection drive by asking your co-workers to donate books that can be given to a local school or reading club. And on 5 February spend time as part of a meeting, during a lunch break, or after hours reading together.



Vier Wêrelddag vir Hardop Lees!

Hier volg 'n paar idees om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier waar jy ook al is.

- ♥ Laat jou kinders hul **kentekens** vir **Wêrelddag vir Hardop Lees** (kyk bladsy 16) voor 5 Februarie maak sodat hulle dit op Wêrelddag vir Hardop Lees kan dra.
- ♥ **Lees die spesiale storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees**, *'n Dag om te onthou*, (bladsye 5, 6, 11 en 12). Gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi en teken in om vir ons te laat weet vir hoeveel kinders jy gelees het. (Sien ons voorstelle vir hoe om die storie te deel op bladsy 2.)
- ♥ Doen een of meer van die voorgestelde **storie-aktiwiteite** vir *'n Dag om te onthou* in die afdeling, "Raak doenig met stories!" op bladsy 13.
- ♥ **By die huis:** Nooi familie en vriende oor vir 'n Aand van Hardop Lees. Lees jul gunstelingboeke hardop vir mekaar en vertel vir mekaar waarom julle dit so baie geniet. Deel ou en nuwe gunstelingte met mekaar.
- ♥ **By jou skool:** Skep 'n "ruimte vir hardop lees" en maak seker dit bevat baie boeke wat geskik is vir verskillende ouderdomme. Vra in die week voor Wêrelddag vir Hardop Lees vir vrywilligers (kinders, personeel, ouers en gemeenskapslede) wat op 5 Februarie deur die loop van die dag hardop vir ander sal lees. Laat kinders op Wêrelddag vir Hardop Lees dit geniet om in hierdie spesiale ruimte na stories te luister wat hardop gelees word.
- ♥ **In die gemeenskap:** Reël 'n geleentheid om stories te deel by jou biblioteek of in 'n ander gemeenskapslokaal. Nooi volwassenes en kinders om te kom en stories wat vir hulle belangrik is, te deel, of dit verhale is wat deur families oorgedra is, of uit boeke kom wat vir hulle spesiaal is. Deel materiaal uit oor hoekom dit belangrik is om vir kinders te lees. Jy kan wenkblaaie in verskillende Suid-Afrikaanse tale vind en gratis aflaai by die "Story sharing"-afdeling van die Nalibali-webwerf: www.nalibali.org.
- ♥ **By die werk:** Reël in die aanloop tot Wêrelddag vir Hardop Lees 'n veldtog om boeke in te samel. Vra jou kollegas om boeke te skenk wat dan aan 'n plaaslike skool of leesklub geskenk kan word. En lees op 5 Februarie saam as deel van 'n vergadering, tydens middagete of na ure.

WIN! WEN!



For a chance to win some Book Dash books, write a review of the story, *What's at the park?* (pages 7 to 10), and email it to team@bookdash.org, or take a photo and tweet us at [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). (Your review could be published in a future Nalibali Supplement!) Remember to include your full name, age and contact details.

Vir 'n kans om boeke van Book Dash te wen, skryf 'n resensie van die storie, *Wat is in die park?* (bladsye 7 tot 10), en stuur dit per e-pos aan team@bookdash.org, of neem 'n foto en stuur 'n twiet aan ons by [@bookdash](https://twitter.com/bookdash). (Jou resensie mag dalk in 'n toekomstige Nalibali-bylae gepubliseer word!) Onthou om jou volle naam, ouderdom en kontakbesonderhede in te sluit.



Drive your imagination

Story stars



Meet the author of this year's World Read Aloud Day story, Lorato Trok! Lorato is a qualified teacher and librarian, a literacy activist who is passionate about children's literature (particularly in indigenous languages), a published author and a member of the team that produces the Nal'ibali Supplement.

How did you start writing for children?

When I worked as a librarian in my hometown of Kuruman in the Northern Cape, there were no children's books in Setswana so I started re-versioning English stories into Setswana for local teachers and children. When I saw the happy faces of the children as they listened to stories in their mother tongue, I knew it was a myth that South Africans don't want to read in African languages!

What advice would you give someone wanting to write for children?

Put yourself in a child's shoes when you write, and read, read and read children's stories!

What languages do you write and read in?

I write mostly in Setswana, but also in English. I read in Setswana and English, and sometimes in Afrikaans.

What makes children want to read?

Interesting, colourful stories. Stories that reflect their own lives and identities.

Have you always liked books?


Yes, for as long as I can remember. Even now, when I go to a party, I take a book with me to read!

Who helped to grow a love of reading in you?

My mother and my aunt. They were master story tellers who told me stories every single night! I knew then this was what I wanted to do with my life.

Complete the sentence:
Stories are ...

... a gift to the world!



Lorato's most recent book, *Against the odds*.
Lorato se jongste boek, *Against the odds*.

Storiesterre



Ontmoet die skrywer van hierdie jaar se storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees, Lorato Trok! Lorato is 'n gekwalifiseerde onderwyser en bibliotekaris, 'n geletterdheidsaktivis wat passievol is oor kinderliteratuur (veral in inheemse tale), 'n gepubliseerde skrywer en 'n lid van die span wat die Nal'ibali-bylae publiseer.

Hoe het jy vir kinders begin skryf?

Toe ek as 'n bibliotekaris in my tuisdorp, Kuruman in die Noord-Kaap, begin werk het, was daar geen kinderboeke in Setswana nie, en ek het begin om Setswana-weergawes van Engelse stories vir plaaslike onderwysers en kinders te skep. Toe ek die kinders se gelukkige gesiggies sien terwyl hulle na stories in hul moedertaal luister, het ek geweet dis 'n mite dat Suid-Afrikaners nie in Afrika-tale wil lees nie!

Watter raad sal jy vir iemand gee wat vir kinders wil skryf?

Plaas jouself in 'n kind se skoene wanneer jy stories vir kinders skryf, en lees, lees en lees kinderstories!

In watter tale skryf en lees jy?

Ek skryf meestal in Setswana, maar ook in Engels. Ek lees in Setswana en Engels, en soms in Afrikaans.

Wat maak dat kinders wil lees?

Interessante, kleurvolle stories. Stories wat hul eie lewens en identiteit weerspieël.

Het jy nog altyd van boeke gehou?


Ja, so lank as wat ek kan onthou. Selfs nou nog neem ek 'n boek saam na 'n partytjie om te lees!

Wie het gehelp om 'n liefde vir lees by jou te kweek?

My ma en my tante. Hulle was meesterlike storievertellers wat elke liewe aand vir my stories vertel het! Ek het toe geweet dis wat ek met my lewe wil doen.

Voltooi die sin:
Stories is ...

... 'n geskenk aan die wêreld!




Lorato Trok



Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your imagination

Neo sien hoe hartseer Hope is. "Nice plan, Hope!" he said. "Let's go over there behind that big bush. No one will see us there." Josh and Hope nodded in agreement and off they went.

"Josh, you go and find some sticks. Neo, take off your pirate hat and eye patch," instructed Hope as she took her karate clothes and a balloon out of her bag.

Josh found some thin sticks next to a dustbin and the three friends sat behind the bush using string from Hope's bag to tie them together in a cross-shape for the creature's body. Then Hope blew up the balloon and tied that on for the creature's head.

They dressed the creature in Hope's karate clothes and Neo's pirate hat and eye patch. Josh tied the creature onto his kite. And then they were ready!

Neo sien hoe hartseer Hope is. "Blink plan, Hope!" sê hy. "Kom ons gaan sit agter daardie groot bos. Niemand sal ons daar sien nie." Josh en Hope knik instemmend en kies koers soontoe.

"Josh, gaan soek jy 'n paar stokkies. Neo, haal jou seerowerhoed en oogklap af," gee Hope instruksies terwyl sy haar karateklere en 'n ballon uit haar sak haal. Josh vind 'n paar dun stokkies langs 'n vuilisdrum. Die Hope se sak om die stokkies in 'n kruisvorm aan mekaar vas te bind vir die monster se lyf. Toe blaas Hope die ballon op en bind dit daaraan vas vir die monster se kop.

Hulle trek Hope se karateklere vir die monster aan en sit vir hom Neo se seerowerhoed en oogklap op. Josh maak die monster aan sy vlieër vas. En toe is hulle gereed!



Neo saw how sad Hope was. "Nice plan, Hope!" he said. "Let's go over there behind that big bush. No one will see us there." Josh and Hope nodded in agreement and off they went.

"Josh, you go and find some sticks. Neo, take off your pirate hat and eye patch," instructed Hope as she took her karate clothes and a balloon out of her bag.



Hope, Neo and Josh are off to the park for some fun, but things don't work out quite as Hope had planned. When they arrive at the park, it's filled with people who have come to listen to the mayor's speech. Then Bella, her mom and Noodle arrive and that's when everything goes horribly wrong!



Hope, Neo en Josh is op pad park toe om te gaan speel, maar dinge verloop nie heeltemal soos Hope dit beplan het nie. Wanneer hulle by die park aankom, is dit vol mense wat na die burgemeester se toespraak kom luister het. Toe kom Bella, haar ma en Noodle daar aan, en dis waar alles lelik skeefloop!

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskuil regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination

A day to remember 'n Dag om te onthou

Lorato Trok
Rico



World Read Aloud Day 2020
Wêrelddag vir Hardop Lees 2020




“Wel, die burgemeester het die afgelope maande baie klagtes ontvang omdat daar nie genoeg skaduwee in die park is nie,” sê sy. “Daarom het hy baie nuwe bome laat aanplant, en vandag is hy hier om dit saam met almal te vier.”

“Ag, nee! Die park is te vol vir my plan om te werk,” sê Hope teleurgesteld.

“Watter plan?” vra Neo en Josh gelyk en kyk na mekaar.

“Onthou julle die storie wat ek gelees het van die dapper meisie wat haar dorp gered het?” vra Hope. “Wel, ek het gehoop ons kan ’n vreesaanjaende monster maak, dit aan Josh se vlieër vasbind en dit dan oor die park laat vlieg. Maar kyk nou!” sê Hope, en wys na die glimlaggende mense wat rondom die burgemeester staan.



The children hid behind the bush and loosened the kite's string. A strong gust of wind took the creature off into the sky. Up, up, up it went, racing across the sky away from them.

Die kinders kruip agter die bos weg en laat die vlieër se tou afdol. ’n Sterk rukwind trek die monster hoog in die lug in op. Hoër en hoër vlieg dit op in die lug, al verder van hulle af weg.



Then Hope explained her plan and how it had gone wrong. The mayor listened, and when Hope had finished, he just looked at her ... and then he started laughing. “Well, now you can write your own scary creature story,” the mayor suggested.

Even though Hope’s plan did not quite work out, it was a day they would all remember!

Toe verduidelik Hope haar plan en hoe dit skeefgeloop het. Die burgemeester luister, en toe Hope klaar is, kyk hy na haar ... en bars uit van die lag. “Wel, nou kan jy jou eie storie oor ’n vreesaanjaende monster skryf,” stel die burgemeester voor.

En selfs al het Hope se plan nie heeltemal uitgewerk nie, is dit ’n dag wat hulle almal sal onthou!



“Dis ’n hond!” sê Zoey.



“It’s a dog!” says Zoey.



Lots more free books at bookdash.org

Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal’ibali is ‘n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil ‘n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your imagination

“Wat maak so ’n geraas agter daardie boom?”
vra Ouma.
“Klink dit soos ’n voël?” vra Zoey.
“Nee,” sê Ouma. “Dit klink baie groter as ’n voël.
Kan jy sien wat dit is?”




“What’s that noise behind the tree?” asks Granny.
“Does it sound like a bird?” asks Zoey.
“No,” says Granny. “It sounds much bigger than a
bird. Can you see what it is?”




What’s at the park? Wat is in die park?

David Mann
Jess Jardim-Wedepohl



And she's very good at finding Granny's
secret sweets.
En sy kan die lekkers wat Ouma
wegsteek sommer maklik vind.




Down the road from Zoey's house,
there is a big, green park.

Zoey is quite shy, but she loves to play
in the park. Every day after school,
Zoey and Granny go there to play.

In die straat af, nie ver van Zoey se huis
nie, is daar 'n groot, groen park.

Zoey is nogal skaam, maar sy speel
graag in die park. Elke dag na skool
gaan speel Zoey en Ouma daar.



"Phew!" says Granny. "That dog is very smelly!"
"Sies!" sê Ouma. "Daai hond ruik baie sleg!"



En van daardie dag af speel Zoey,
Ouma en hul nuwe maat elke dag
in die park.





She can find the prettiest flowers and
the tallest trees.

Sy kan die mooiste blomme en die
hoogste bome vind.



And from that day on, Zoey, Granny
and their new friend played in the
park every day.






Zoey is good at finding things – even better than Granny! She can find birds and bugs.

Zoey is 'n voorslag as dit kom by dinge vind – selfs beter as Ouma! Sy kan voëls en insekte vind.



Ouma het 'n bril nodig om te sien. Maar sy kan baie goed hoor.



The next day, Zoey comes home from school and packs her bag.

“Are you ready to go to the park?” asks Granny.

“Yes, please,” says Zoey.

“Granny, look who’s outside!” says Zoey.

“You found us!” says Zoey. “Now, let’s give you a bath.”

“Jy’t ons gevind!” sê Zoey. “Kom ons bad jou.”



Die volgende dag kom Zoey na skool huis toe en pak haar sak.

“Is jy reg om park toe te gaan?” vra Ouma.

“Ja, asseblief,” sê Zoey.

“Ouma, kyk wie’s hier buite!” sê Zoey.



When they got to the park, they saw the mayor surrounded by a large crowd of people. "What's going on?" Josh asked a woman standing nearby.

"Well, for a long time, the mayor got lots of complaints because there wasn't enough shade in the park," she said. "So, he made sure that lots of new trees were planted and today he's here to celebrate this with everyone."

"Oh no! The park is too full for my plan to work," said Hope, disappointed.

"What plan?" asked Neo and Josh at the same time, looking at each other.

"Do you remember the story I read about the brave girl who saved her village?" asked Hope. "Well, I was hoping we could make a scary creature, tie it to Josh's kite and then fly it over the park. But now look!" said Hope pointing to the happy people standing around the mayor.

"Hurry up, Neo, we don't have much time!" said Hope putting down her heavy bag. Hope and Josh were waiting for Neo. They were all going to the park as part of Hope's plan!

Hope had started hatching a plan after reading the new book her mother had bought her. It was about a girl who had bravely saved her village from a scary creature. Hope had enjoyed the book so much that she had finished it in a day and had even dreamt about the scary creature that night!

"Maak gou, Neo, ons het nie baie tyd nie!" sê Hope en sit haar swaar sak neer. Hope en Josh wag vir Neo. Hulle is almal op pad park toe as deel van Hope se plan!

Hope het 'n plan begin beraam nadat sy die nuwe boek gelees het wat haar ma vir haar gekoop het. Dit gaan oor 'n meisie wat dapper haar dorpie van 'n vreesaanjaende monster red. Hope het die boek so baie geniet dat sy dit binne 'n dag klaar gelees het, en selfs daardie nag van die vreesaanjaende monster gedroom het!



In the meantime, Bella and her mom had arrived at the park to walk Noodle. When Noodle saw the creature dangling in the sky, he started barking and pulling on his leash. Bella tried to hold onto Noodle's leash, but he pulled so hard that she had to let go. Off went Noodle across the park. Bella and her mom chased after him.

Neo, Josh, Hope, Bella and her mom raced over to help. They found the mayor on the ground next to the creature with Noodle still barking at it. The children helped to calm Noodle down while Bella's mom helped the mayor up.

Neo, Josh, Hope, Bella en haar ma kom vinnig nader om te help. Hulle vind die burgemeester op die grond langs die monster, met Noodle wat steeds daarvoor blaf. Die kinders help om Noodle stil te maak terwyl Bella se ma die burgemeester ophelp.






“Elk hoop net jou plan gaan pret wees. Hoekom is jy so haastig?” vra Neo vir Hope toe hy die voordeur toetrek. Neo het sy gunstelingseerowerhoed op en dra ook ’n oogklap.

“Elk weet net so min soos jy, Neo. Hope het my net gevra om my vlieër saam te bring park toe,” sê Josh en beduie na sy vlieër.

“Vertrou my, julle gaan dit geniet!” sê Hope terwyl sy voor haar maats uitstap. Neo en Josh volg haar en probeer bybly.



“I hope that what you’ve planned for us will be fun. Why are you in such a hurry?” Neo asked Hope as he shut the front door. Neo was wearing his favourite pirate hat and eye patch.

“I’m as clueless as you are, Neo. Hope just asked me to bring my kite to the park,” said Josh pointing to his kite.

“Trust me, you’ll enjoy this!” said Hope as she walked off ahead of her friends. Neo and Josh followed, trying to keep up.



Toe sweef die monster stadig af tot reg bo die burgemeester se kop terwyl hy nog besig is om sy toespraak te maak! Noodle hardloop steeds blaffend agter die monster aan – met Bella en haar ma op sy hakke.

Josh trek aan die vlieër se tou en probeer om die monster hoër in die lug te laat opvlieg, maar dit is te laat. Noodle spring in die lug op om die monster te gryp en stamp die burgemeester om. Stukkies papier met die burgemeester se toespraak daarop waai die park vol, en mense begin in alle rigtings hardloop.

Then the creature started to float down towards the mayor’s head as he was making his speech! Noodle was running towards him still barking at the creature – and Bella and her mom were not far behind.


Josh pulled on the kite’s string, trying to get the creature up higher into the sky, but it was too late. Noodle leapt up at the creature, knocking over the mayor. Bits of paper up at the mayor’s speech on it flew all over the park, and people started running in all directions.

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *A day to remember* (pages 5, 6, 11 and 12), *What's at the park?* (pages 7 to 10) and *Hazel, the harmonising hen* (page 14).

A day to remember

1. Draw or paint a picture of your favourite part of the story.
2. Imagine that you are a TV news reporter who is at the park to do a live report on the mayor's visit. Get together with a few friends and create the report of what actually happens at the park!
3. Follow these instructions to make a kite using recycled materials.
 - ♥ You will need: two long, thin sticks; string; a plastic shopping bag; kokis; a ruler; scissors; tape.
 - ♥ Lay the two sticks on top of each other in the shape of a cross. Wind some string tightly around the middle of the cross (where the two sticks meet) to keep the sticks together.
 - ♥ Cut a plastic shopping bag down one side and across the bottom. Then lay it out flat.
 - ♥ Place the sticks on the plastic bag.
 - ♥ Use a koki and a ruler to draw lines on the plastic bag that join the four ends of the sticks. Once you have done this, you should have a diamond shape on the plastic bag.
 - ♥ Cut out the diamond shape.
 - ♥ Tape the diamond shape to the sticks at the top, bottom and on the sides.
 - ♥ Cut some strips from the part of the plastic bag that you didn't use for the diamond shape. Use tape to stick these to the bottom of the kite to make a tail.
 - ♥ Create a line for your kite by tying a long piece of string around the middle of the cross-shape where the sticks meet. Make sure you make a few knots.
 - ♥ Have fun flying your kite!



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *'n Dag om te onthou* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Wat is in die park?* (bladsye 7 tot 10) en *Hazel, die hen met die pragtige stem* (bladsy 15).

'n Dag om te onthou

1. Teken of verf 'n prent van jou gunstelingdeel van die storie.
2. Stel jou voor jy is 'n TV-nuusverslaggewer wat by die park is om regstreeks verslag te doen van die burgemeester se besoek. Vorm 'n groepie met 'n paar maats en stel die verslag saam van die gebeure in die park soos wat hulle ontvou!
3. Volg hierdie instruksies om 'n vlieër uit herwinbare materiaal te maak.
 - ♥ Jy benodig: twee lang, dun stokkies; tou; 'n plastiek-inkopiesak; viltpenne; 'n liniaal; 'n skêr; kleefband.
 - ♥ Plaas die twee stokkies oor mekaar, in die vorm van 'n kruis. Bind van die tou styf om die middel van die kruis (waar die twee stokkies by mekaar kom) om die stokkies aan mekaar vas te hou.
 - ♥ Knip 'n plastiek-inkopiesak aan een kant en aan die onderkant oop. Lê dit dan plat neer.
 - ♥ Plaas die stokkies bo-op die plastieksak.
 - ♥ Gebruik 'n viltpen en 'n liniaal om lyne op die sak te trek wat die vier punte van die stokkies met mekaar verbind. Wanneer jy dit gedoen het, behoort jy 'n diamantvorm op die plastieksak te hê.
 - ♥ Knip die diamantvorm uit.
 - ♥ Plak die diamantvorm bo, onder en aan die kante aan die stokkies vas.
 - ♥ Knip stroke plastiek uit die deel van die sak wat jy nie vir die diamantvorm gebruik het nie. Gebruik kleefband om dit onderaan die vlieër vas te maak as 'n stert.
 - ♥ Maak 'n lyn vir jou vlieër deur 'n lang stuk tou aan die middel van die kruisvorm vas te bind, waar die stokkies by mekaar kom. Maak seker jy maak 'n paar stewige knope.
 - ♥ Geniet dit om jou vlieër te laat vlieg!

What's at the park?

- ♥ What would you have done if you had met the dog at the park?
- ♥ Try retelling the story in your own way using the pictures to guide you.

Wat is in die park?

- ♥ Wat sou jy gedoen het as jy die hond in die park gevind het?
- ♥ Probeer die storie op jou eie manier oorvertel deur die prente te gebruik om jou te help.

Hazel, the harmonising hen

- ♥ If you were Hazel, what would you have chosen: to have beautiful feathers or to have a beautiful voice? Why?
- ♥ Imagine that Hazel wrote a note to remind herself of the important lesson that she learnt from what happened in the story. What do you think her note would say? Try writing it! (You could start like this: Always remember that ...)



Hazel, die hen met die pragtige stem

- ♥ As jy Hazel was, wat sou jy gekies het: pragtige vere of 'n pragtige stem? Waarom?
- ♥ Verbeel jou dat Hazel 'n nota skryf om haarself te herinner aan die belangrike les wat sy geleer het oor die dinge wat in die storie gebeur het. Wat dink jy sal in haar nota staan? Probeer die nota skryf! (Jy kan so begin: Onthou altyd ...)



Hazel, the harmonising hen

By Nonhlanhla Dube ■ Illustrations by Heidel Dedekind



Long, long ago, in a small village near where Nongoma is today, there lived a hen called Hazel. Hazel lived on a farm with lots of other animals, like cows, sheep, ducks and a peacock.

Hazel had a beautiful voice and sang so sweetly that all the other animals decided that her job on the farm would be to wake them up every morning with her lovely melodies.

Very early each morning, Hazel would sit on top of the big rock by the gate and start singing. *Pok-pok-a-dooooooooo! Cluck-cluck-a-roooooooooo!* All the other animals loved waking up to the sounds of her wonderful voice.

Now, although she was a good singer, Hazel did not like what she looked like at all.

"My creamy feathers are boring, and my legs aren't long enough. There is nothing special about the way I look. Philani, the peacock, is such a beautiful bird with his long neck and legs. He has glorious feathers that change colours in the reflection of the sun," said Hazel.



Whenever Hazel saw Philani strutting around the farm with his long legs, she would wish that she too was a beautiful peacock. "I wish I had beautiful feathers like Philani," she sighed.

One day, Hazel decided to do something about the way she looked, so she went to ask for help from wise Mpande, the tortoise. Everyone always said that Mpande had been living in the village since the beginning of time. They said that he carried all his wisdom in the shell on his back. When someone needed help with anything, they always spoke to Mpande.

When Hazel explained what was troubling her, Mpande looked at her from head to toe. "I can help you, but there will be a price to pay for changing what you look like," he said shaking his head. "You will have to accept any other changes that may happen to you."

Hazel did not give Mpande's words much thought. She had already decided that she would do anything to look different. "I will accept any changes! I just need to look as special as other birds," replied Hazel.

The wise tortoise warned Hazel again that changing what she looked like would not be easy. "To make the magic work, you will have to give up something," he explained.

Hazel didn't really understand what this meant, but she agreed to go ahead anyway.

Mpande handed Hazel a potion to drink. "Drink this before you go to sleep tonight and in the morning you will be as beautiful as the rising morning sun," he explained.

Hazel rushed back to the farm. She was so excited that she decided to go to sleep very early that evening. Before she went to bed, she did exactly as Mpande had told her.

Early the next morning, Hazel rushed over to a nearby stream to look at her reflection in the water. A beautiful looking hen stared back at her! The feathers on her body were the colours of the rainbow and her wings were long with violet, silver and gold on them. Hazel jumped up and down with joy!

She was so excited that she burst out in song ... but as she started singing, a loud screech came out of her mouth! What had happened to her beautiful voice?



All the other animals on the farm heard the loud noise and woke up, frightened. "What's going on?" asked the biggest cow.


"*Kwenzekani?*" asked a startled rabbit, poking his head out of the hole in the ground in which he slept.

"*Quack-quack!* What's that horrible noise?" shouted all the ducks.

When Hazel heard the sound of her voice and saw how it frightened the other animals, she rushed off in tears to find Mpande.

Mpande saw Hazel hurrying in his direction. When she reached him, she didn't even wait to catch her breath, "Mpa... Mpa... Mpande! It's my voice ... it's gone! Please help me! This is a disaster!" she said.

The wise tortoise was not surprised at all. "I warned you that you would have to give up something to get what you wanted. I can bring back your beautiful voice, but you will have to appreciate everything that makes you who you are, even the things you don't like so much," he said with a kind smile.



Hazel understood what Mpande was trying to teach her. What a wise tortoise he was!

Mpande brought back Hazel's voice and from that day on, she promised that she would love and appreciate all that made her who she truly was – Hazel, the harmonising hen!



Hazel, die hen met die pragtige stem

Deur Nonhlanhla Dube ■ Illustrasies deur Heidel Dedekind



Lank, lank gelede, in 'n klein dorpie naby waar Nongoma vandag is, het daar 'n hen met die naam Hazel gewoon. Hazel het op 'n plaas gewoon saam met baie ander diere, soos koeie, skape, eende en 'n pou.

Hazel het 'n pragtige stem gehad en het so mooi gesing dat al die ander diere besluit het haar werk op die plaas is om hulle elke oggend wakker te maak met haar lieflike liedjies.

Baie vroeg soggens het Hazel bo-op die groot rots langs die hek gaan sit en begin sing. *Kek-ke-le-kê! Koe-ke-le-koe!* Al die diere het daarvan gehou om deur haar pragtige stem wakker gesing te word.

Maar al het Hazel so 'n pragtige stem gehad, het sy glad nie gehou van hoe sy lyk nie.

"My roomkleurige vere is vervelig, en my bene is te kort. Daar is niks spesiaals aan hoe ek lyk nie. Philani, die pou, is so 'n pragtige voël met sy lang nek en bene. Hy het lieflike vere wat van kleur verander as die son daarop skyn," sê Hazel.



Elke keer as Hazel vir Philani met sy lang bene windmakerig op die plaas sien rondparadeer, wens sy dat sy ook 'n pragtige pou was. "Ek wens ek het pragtige vere soos Philani gehad," sug sy.

Op 'n dag besluit Hazel om iets aan haar voorkoms te doen, en sy gaan vra vir die wyse Mpande, die skilpad, om haar te help. Almal sê altyd Mpande woon al van die begin van die tyd af in die dorpie. Hulle sê hy dra al sy wysheid in die dop op sy rug. Wanneer iemand hulp nodig het met enigiets, gaan praat hulle altyd met Mpande.

Toe Hazel verduidelik wat haar pla, kyk Mpande haar op en af. "Ek kan jou help, maar jy sal 'n prys moet betaal om jou voorkoms te verander," sê hy en skud sy kop. "Jy sal moet aanvaar dat ander dinge ook mag verander."

Hazel steur haar nie veel aan Mpande se woorde nie. Sy het al klaar besluit sy sal enigiets doen om anders te lyk. "Ek sal tevrede wees met enige veranderinge! Ek moet net so spesiaal soos ander voëls lyk," antwoord Hazel.

Die wyse skilpad waarsku vir Hazel dat dit nie maklik gaan wees om haar voorkoms te verander nie. "Vir die toekrag om te werk, sal jy iets moet prysgee," verduidelik hy.

Hazel verstaan nie regtig wat dit beteken nie, maar sy stem in om voort te gaan.

Mpande gee vir Hazel 'n towerdrankie om te drink. "Drink dit voor jy vanaand gaan slaap, en môreoggend sal jy net so pragtig soos die opkomende son wees," verduidelik hy.

Hazel skarrel terug na die plaas toe. Sy is so opgewonde dat sy besluit om daardie aand baie vroeg te gaan slaap. Voor sy gaan slaap, doen sy presies wat Mpande vir haar gesê het.

Vroeg die volgende oggend skarrel Hazel na 'n stroompie daar naby om na haar spieëlbeeld in die water te kyk. 'n Beeldskone hen staar na haar terug! Die vere aan haar lyf is al die kleure van die reënboog en haar lang vlerke is oortrek met violet, silwer en goud. Hazel spring op en af van vreugde!

Sy is so opgewonde dat sy uit volle bors begin sing ... maar toe sy lostrek, kom 'n nare skreeugeluid uit haar mond! Wat het van haar pragtige stem geword?



Al die ander diere op die plaas hoor die vreeslike geluid en skrik vreesbevange wakker. "Wat gaan aan?" vra die grootste koei.


"Kwenzekani?!" vra 'n verskrikte hasie, en steek sy kop uit die gat in die grond waar hy slaap.

"Kwaak-kwaak! Wat is daardie aaklige geluid?" skree al die eende.

Toe Hazel hoor hoe haar stem klink en sien hoe dit die ander diere bangmaak, hardloop sy in trane weg om Mpande te gaan soek.

Mpande sien Hazel van ver af aankom. Toe sy by hom kom, wag sy nie eens om haar asem terug te kry nie: "Mpa... Mpa... Mpande! My stem ... dis weg! Help my, asseblief! Dis 'n ramp!" sê sy.

Die wyse skilpad is glad nie verbaas nie. "Ek het jou gewaarsku dat jy iets sal moet prysgee om te kry wat jy wil hê. Ek kan jou pragtige stem terugbring, maar dan sal jy alles wat van jou maak wie jy is, moet waardeer, selfs die dinge waarvan jy nie so baie hou nie," sê hy met 'n goedge glimlag.



Hazel verstaan wat Mpande haar probeer leer. Wat 'n wyse skilpad is hy nie!

Mpande bring Hazel se stem terug, en van daardie dag af belowe sy dat sy alles wat haar maak wie sy regtig is – Hazel, die hen met die pragtige stem – sal liefhê en waardeer!

Nal'ibali fun
Nal'ibali-pret




1. Make a badge

- 1. Cut along the red dotted line to cut out the badge.
- 2. Colour in the picture.
- 3. Cut a circle the same size as the badge from some thin cardboard, for example, a cereal box.
- 4. Use glue to paste the badge onto the cardboard.
- 5. Use sticky tape or masking tape to attach a safety pin to the back of the badge. Or make a hole at the top and thread some wool or string through it so that you can hang it around your neck.
- 6. Enjoy wearing your badge as you read and listen to stories on World Read Aloud Day.

Maak 'n kenteken

- 1. Sny op die rooi stippellyn om die kenteken uit te knip.
- 2. Kleur die prent in.
- 3. Sny 'n sirkel wat net so groot soos die kenteken is uit dun karton – gebruik byvoorbeeld 'n graankosboks.
- 4. Gebruik gom om die kenteken op die karton vas te plak.
- 5. Gebruik kleefband of maskeerband om 'n haakspeld aan die agterkant van die kenteken vas te plak. Of maak 'n gaatjie aan die bokant en ryg 'n stukkie wol of tou daardeur sodat jy dit om jou nek kan hang.
- 6. Geniet dit om jou kenteken te dra terwyl julle stories lees en daarna luister op Wêrelddag vir Hardop Lees.



2. Find the words

Can you find the word for "read" in different South African languages in the wordsearch box? Remember that the words can be forwards, backwards, up or down in the box.

Vind die woorde

Kan jy die woord vir "lees" in verskillende Suid-Afrikaanse tale in die woordsoekblok vind? Onthou dat die woorde vorentoe, agtertoe, op of af in die blok kan wees.

F	U	N	D	A	N	I	G
U	X	H	B	N	D	F	N
N	B	D	A	E	R	O	A
D	P	U	L	E	E	S	S
Z	V	H	A	L	A	N	I
A	Y	A	N	V	H	Y	U
N	S	A	G	N	I	B	B
I	I	N	A	Y	A	L	H



- Balang (Sepedi, Sesotho)
- Buisang (Setswana)
- Fundani (IsiNdebele, IsiXhosa, IsiZulu)
- Fundzani (Siswati)
- Hlayani (Xitsonga)
- Lees (Afrikaans)
- Read (English)
- Vhalani (Tshivenda)



Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:
Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:

- www.nalibali.org
- www.nalibali.mobi
- nalibaliSA
- @nalibaliSA
- @nalibaliSA
- info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Arena Holdings Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.

